REMGRO BEPERK

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

GEOUDITEERDE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2016 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

• **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel**	**+6.1%**
• **Gewone dividend per aandeel**	**+7.5%**
• **Wesensverdienste per aandeel**	**-26.4%**
• **Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting**	**-7.5%**

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	30 Junie 2016	2015
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	**6 292**	5 716
Biologiese landboubates	**625**	550
Beleggingseiendomme	**107**	51
Ontasbare bates	**4 993**	5 710
Beleggings - Geëkwiteer	**78 565**	57 831
- Ander	**3 408**	2 493
Aftreevoordele	**163**	220
Lenings	**880**	977
Uitgestelde belasting	**42**	18
	95 075	73 566
Bedryfsbates	**14 086**	21 126
Voorraad	**3 274**	3 118
Biologiese landboubates	**612**	549
Debiteure en korttermynlenings	**5 503**	3 837
Belegging in geldmarkfondse	**1 050**	986
Kontant en kontantekwivalente	**3 569**	4 050
Ander bedryfsbates	**49**	52
	14 057	12 592
Bates gehou vir verkoop	**29**	8 534
Totale bates	**109 161**	94 692
EKWITEIT EN LASTE		
Verklaarde kapitaal	**3 605**	3 605
Reserwes	**75 478**	69 781
Tesourie-aandele	**(217)**	(272)
Aandeelhouersekwiteit	**78 866**	73 114
Nie-beherende belang	**2 835**	2 803
Totale ekwiteit	**81 701**	75 917
Nie-bedryfslaste	**20 838**	5 404
Aftreevoordele	**202**	227
Langtermynlenings	**17 799**	3 547
Uitgestelde belasting	**1 640**	1 630
Afgeleide instrumente	**1 197**	-
Bedryfslaste	**6 622**	13 371
Handels- en ander krediteure	**4 833**	4 469
Korttermynlenings	**1 660**	366
Ander bedryfslaste	**129**	69
	6 622	4 904
Laste gehou vir verkoop	**-**	8 467
Totale ekwiteit en laste	**109 161**	94 692
Netto batewaarde per aandeel (Rand)		
– Teen boekwaarde	**R153.17**	R142.12
– Teen intrinsieke waarde (ongeouditeer)	**R306.44**	R288.89

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2016**	2015
Verkope	**27 697**	25 590
Voorraaduitgawes	**(16 959)**	(15 267)
Personeelkoste	**(4 578)**	(4 276)
Waardevermindering	**(670)**	(607)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(5 647)**	(3 878)
Handelswins/(-verlies)	**(157)**	1 562
Dividendinkomste	**77**	213
Rente ontvang	**287**	276
Finansieringskoste	**(903)**	(371)
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**(2 556)**	(288)
Wins met die verkoop en verwatering van beleggings	**2 451**	696
Gekonsolideerde wins/(verlies) voor belasting	**(801)**	2 088
Belasting	**4**	(395)
Gekonsolideerde wins/(verlies) na belasting	**(797)**	1 693
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	**6 250**	7 228
Netto wins vir die jaar	**5 453**	8 921
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**5 386**	8 715
Nie-beherende belang	**67**	206
	5 453	8 921

GEËKWITEERDE BELEGGINGS

Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings		
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**8 875**	8 332
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(809)**	(213)
Wins met die verkoop van beleggings	**216**	271
Ander nie-herhalende en kapitale items	**(67)**	62
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**8 215**	8 452
Belasting	**(1 709)**	(1 129)
Nie-beherende belang	**(256)**	(95)
	6 250	7 228

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2016**	2015
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**5 386**	8 715
Plus/(minus):		
- Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings*	**1 862**	99
- Waardedaling van ander beleggings	**-**	79
- Netto waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**37**	94
- Waardedaling van ontasbare bates*	**644**	-
- Waardedaling van bates gehou vir verkoop	**7**	16
- Wins met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings**	**(2 349)**	(984)
- (Wins)/verlies met die verkoop van ander beleggings	**(153)**	288
- Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingreserwes	**51**	-
- Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(7)**	(5)
- Verlies met die verkoop van biologiese landboubates	**9**	-
- Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**633**	(231)
- Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(27)**	(111)
- Wins met die verkoop van beleggings	**(216)**	(271)
- Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**809**	213
- Ander nie-herhalende en kapitale items	**67**	(62)
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**(87)**	(50)
- Nie-beherende belang	**(146)**	(25)
Wesensverdienste	**5 887**	7 996
Eenmalige koste	**788**	-
Opsie hermeting	**730**	-
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	**7 405**	7 996

* *"Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings" en "Waardedaling van ontasbare bates" sluit hoofsaaklik die waardedaling van die belegging in Grindrod van R1 861 miljoen en 'n waardedaling in RCL Foods se meulbesigheid ten bedrae van R643 miljoen onderskeidelik in. Die drawaarde van Grindrod het sy markwaarde vir 'n langdurige tydperk oorskry, gevolglik is die belegging op 30 Junie 2016 na die markwaarde van R1 986 miljoen verminder.*

** *Vir die jaar onder oorsig bestaan "Wins met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings" hoofsaaklik uit 'n wins gerealiseer met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic van R2 262 miljoen as deel van die Al Noor transaksie. Die vergelykende jaar sluit 'n wins van R958 miljoen in wat gerealiseer is met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic weens 'n boekbou-oefening.*

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

	Jaar geëindig 30 Junie	
Sent	**2016**	2015
Wesensverdienste per aandeel		
– Basies	**1 143.9**	1 555.0
– Verwater	**1 139.2**	1 541.8
Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting		
– Basies	**1 438.9**	1 555.0
– Verwater	**1 434.1**	1 541.8
Verdienste per aandeel		
– Basies	**1 046.6**	1 694.9
– Verwater	**1 042.5**	1 680.9
Dividende per aandeel		
Gewoon	**460.00**	428.00
– Tussen	**185.00**	169.00
– Finaal	**275.00**	259.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2016**	2015
Netto wins vir die jaar	**5 453**	8 921
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**2 579**	355
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:		
Wisselkoersaanpassings	**1 745**	267
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**534**	(156)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**(112)**	(34)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**(951)**	45
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**1 652**	929
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:		
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**19**	5
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**(6)**	(2)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**(302)**	(699)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**8 032**	9 276
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**7 965**	9 066
Nie-beherende belang	**67**	210
	8 032	9 276

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2016**	2015
Saldo aan die begin van die jaar	**75 917**	68 634
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**8 032**	9 276
Dividende betaal	**(2 358)**	(2 136)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	**31**	37
Ander bewegings	**15**	25
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**64**	81
Saldo aan die einde van die jaar	**81 701**	75 917

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2016**	2015
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**1 391**	2 267
Belasting betaal	**(328)**	(397)
Dividende ontvang	**3 547**	3 215
Finansieringskoste	**(795)**	(372)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**3 815**	4 713
Dividende betaal	**(2 358)**	(2 136)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**1 457**	2 577
Beleggingsaktiwiteite	**(18 745)**	(1 151)
Finansieringsaktiwiteite	**16 365**	(1 349)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**(923)**	77
Wisselkoerswins op buitelandse kontant	**222**	116
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**3 829**	3 636
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**3 128**	3 829
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**3 569**	4 050
Oortrokke bankrekening	**(441)**	(221)

ADDISIONELE INLIGTING

	30 Junie	
	2016	2015
Aantal aandele uitgereik		
- Gewone aandele sonder pariwaarde	**481 106 370**	481 106 370
- Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**35 506 352**	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**516 612 722**	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou		
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(1 725 393)**	(2 169 558)
	514 887 329	514 443 164
Geweegde aantal aandele	**514 634 062**	514 200 979

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	30 Junie 2016	2015
Geëkwiteerde beleggings		
Geassosieerde maatskappye	**73 418**	52 869
Gesamentlike ondernemings	**5 147**	4 962
	78 565	57 831
Geëkwiteerde beleggingsrekonsiliasie		
Drawaarde aan die begin van die jaar	**57 831**	52 169
Belang in netto toeskryfbare wins	**6 250**	7 228
Dividende ontvang	**(3 900)**	(3 077)
Belegging in Mediclinic	**18 246**	-
Verwateringsuitwerkings	**1 886**	772
Wisselkoersverskille	**(1 274)**	93
Grindrod waardedaling	**(1 861)**	-
Ander bewegings	**1 387**	646
Drawaarde aan die einde van die jaar	**78 565**	57 831
Bates en laste gehou vir verkoop		
Gedurende die huidige finansiële jaar het Remgro sy 29.9%-belang in Spire aan Mediclinic verkoop, onderhewig aan Mediclinic se suksesvolle regte-uitgifte.		
Totale bates en laste is	**-**	(175)
Belegging	**-**	8 275
Handels- en ander krediteure	**-**	(8 276)
Afgeleide instrumente	**-**	(174)
Verskeie ander bates en laste geklassifiseer as gehou vir verkoop	**29**	242
Bates	**29**	259
Laste	**-**	(17)
	29	67
Langtermynlenings		
20 000 Klas A 7.7% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**3 512**	-
10 000 Klas B 8.3% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**4 382**	-
Omruilbare skuldbriewe, met ‘n effektiewe rentekoers van 4.5%	**6 380**	-
Verskeie ander lenings	**3 672**	3 687
	17 946	3 687
Korttermyn gedeelte van langtermynlenings	**(147)**	(140)
	17 799	3 547
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**1 273**	853
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge	**1 999**	5 847
Mediclinic regte-uitgifte	**-**	4 135
Verskeie ander verpligtinge	**1 999**	1 712
(Ingesluit bedrae gemagtig maar nog nie gekontrakteer nie)		
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**241**	316
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**3 900**	3 077
Dividende ontvang vanaf geassosieerde geklassifiseer as bate gehou vir verkoop	**149**	-

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde of werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na toepaslike waardasie metodologieë en die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	***Vlak 1***	***Vlak 2***	***Vlak 3***	**Totaal**
30 Junie 2016				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	**1 260**	**-**	**2 148**	**3 408**
Afgeleide instrumente	**-**	**8**	**-**	**8**
Belegging in geldmarkfondse	**1 050**	**-**	**-**	**1 050**
	2 310	**8**	**2 148**	**4 466**
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente	**-**	**1 197**	**-**	**1 197**
Korttermyn afgeleide instrumente	**-**	**63**	**54**	**117**
	-	**1 260**	**54**	**1 314**
30 Junie 2015				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	902	-	1 591	2 493
Afgeleide instrumente	-	10	-	10
Belegging in geldmarkfondse	986	-	-	986
	1 888	10	1 591	3 489
Laste				
Korttermyn afgeleide instrumente	-	190	-	190

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Die volgende tabelle toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates en -laste vanaf die begin tot die einde van die jaar:

R miljoen	30 Junie 2016	2015
Bates: Beskikbaar vir verkoop		
Saldo's aan die begin van die jaar	**1 591**	1 762
Toevoegings	**174**	375
Vervreemdings	**(53)**	(484)
Wisselkoersaanpassings	**236**	148
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	**200**	(210)
Saldo's aan die einde van die jaar	**2 148**	1 591

R miljoen	30 Junie 2016	2015
Laste: Afgeleide instrumente		
Saldo's aan die begin van die jaar	**-**	-
Toevoegings	**54**	-
Saldo's aan die einde van die jaar	**54**	-

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone), die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 534 miljoen, R306 miljoen en R228 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gegrond op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat op 'n verskeidenheid waardasiemetodes bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se metodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (32%), kontant en kontantekwivalente (7%) en ongenoteerde beleggings (61%). 86% van die ongenoteerde beleggings word teen kosprys waardeer aangesien Milestone se bestuur die transaksieprys as die billike waarde van die belegging beskou. Die oorblywende 14% is teen ongeveer R121 miljoen waardeer. KIEF se beleggings is waardeer deur van die verdiskonteerde kontantvloeimetode gebruik te maak. PRIF se hoofbate is die belegging in ETG Groep en dit is gewaardeer deur van toepaslike verdienste- en omsetveelvoude, wat gebaseer is op soortgelyke maatskappye, gebruik te maak ten einde 'n prys-tot-boekwaardasie te bepaal.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n beduidende invloed op Remgro se finansiële state hê nie.

Verwante partytransaksies

In die jaar onder oorsig het die vernaamste verwante partytransaksies verband gehou met Remgro se fasilitering van Mediclinic se verkryging van Spire, asook Remgro se deelname aan die samevoeging van Mediclinic en Al Noor. Remgro het oorbruggingsfinansiering van Rand Aksepbank (RMB) bekom om hierdie transaksies gedeeltelik te befonds. Die oorbruggingsfinansiering is deels vervang met langtermynskuld, waarvan vastekoers kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele ten bedrae van R3 500 miljoen aan RMB uitgereik is. Verwys na die afdeling oor "Beleggingsaktiwiteite" vir meer besonderhede rakende hierdie transaksies.

KOMMENTAAR (ongeouditeer)

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state is ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk (JSE) vir verkorte finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet wat van toepassing is op verkorte finansiële state opgestel. Die JSE vereis dat verkorte finansiële state ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die SAICA Riglyne soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarde Raad opgestel word, en ook om, as 'n minimum, die inligting soos vereis deur *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening* te bevat.

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die gekonsolideerde finansiële state, waaruit die verkorte gekonsolideerde finansiële state afgelei is, is ooreenkomstig IFRS en in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die vorige gekonsolideerde finansiële state. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Neville Williams GR(SA), opgestel.

2. RESULTATE

Wesensverdienste
Vir die jaar tot 30 Junie 2016 het wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel onderskeidelik met 26.4% van R7 996 miljoen tot R5 887 miljoen en vanaf 1 555.0 sent tot 1 143.9 sent afgeneem.

Ingesluit in die wesensverdienste vir die jaar onder oorsig is eenmalige transaksiekoste wat aangegaan is met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor Hospitals Group plc (Al Noor)-transaksie ten bedrae van R788 miljoen, waarvan R402 miljoen Remgro se eie koste en R386 miljoen Remgro se gedeelte van Mediclinic se transaksiekoste is ("eenmalige koste"), sowel as 'n billike waarde aanpassing van R730 miljoen wat verband hou met die toename in waarde van die skuldbriefhouers se omruilopsie (verantwoord as 'n afgeleide verpligting) van die skuldbriewe ("opsie hermeting") wat in Maart 2016 uitgereik is om die buitelandse oorbruggingsfinansiering gedeeltelik te herfinansier wat met die Al Noor-transaksie bekom is. Die skuldbriewe is omruilbaar vir Mediclinic plc-aandele en/of kontant en billike waarde aanpassings op die opsie (wat *inter alia* bewegings in die onderliggende aandeleprys van Mediclinic plc weerspieël) kan moontlik gedurende die vyfjaar-termyn onbestendigheid in wesensverdienste veroorsaak. Met uitsluiting van hierdie items, het wesensverdienste met 7.4%, van R7 996 miljoen tot R7 405 miljoen afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel met 7.5% van 1 555.0 sent tot 1 438.9 sent, gedaal het.

Daar moet op gelet word dat wesensverdienste ander eenmalige items insluit wat die vergelykbaarheid van resultate bemoeilik. Die volgende het betrekking:

- Bykomende finansieringskoste van R245 miljoen wat met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksie aangegaan en verantwoord is vir die drie maande tot 30 Junie 2016, terwyl die geëkwiteerde verdienste van Mediclinic net vir die tydperk tot 31 Maart 2016 erken is aangesien die groep se verslagperiode drie maande na dié van Mediclinic is;
- Fasiliterings- en onderskrywingsfooie van R99 miljoen wat van Mediclinic ontvang is in die 2015-finansiële jaar;
- Transaksie- en finansieringskoste ten bedrae van R115 miljoen (2015: R38 miljoen) verbonde aan die Spire Healthcare Group plc (Spire)-transaksie, terwyl die verhaling van R153 miljoen by die wins met die verkoop van Spire aan Mediclinic ingesluit is, buite wesensverdienste;
- Positiewe impak met die vrystelling van 'n R163 miljoen voorsiening vir onsekere belastingsdispute op RCL Foods se resultate, sowel as 'n wins van R119 miljoen met die uitoefening van die Zam Chick en Zamhatch verkoopsopsies (Remgro se gedeelte bedra R218 miljoen);
- Positiewe impak van 'n Switserse vorige jaar belastingaanpassing op Mediclinic se resultate in die vergelykende tydperk ten bedrae van R712 miljoen (Remgro se gedeelte bedra R300 milljoen);
- Positiewe impak op RMI se wins in die vergelykende jaar met die vrystelling van 'n verkoopsopsie-verpligting by Discovery ten bedrae van R415 miljoen (Remgro se gedeelte bedra R126 miljoen) en
- PRIF se uitkerings van R170 miljoen in die vergelykende jaar vanweë die eerste sluiting teenoor R18 miljoen in die jaar onder oorsig as gevolg van die tweede en derde sluitings.

Uitsluitend bogenoemde items, het Remgro se vergelykbare wesensverdienste met 2.6% van R7 339 miljoen tot R7 529 miljoen toegeneem, hoofsaaklik danksy beter bedryfsvertonings deur die bank-, versekerings-, gesondheidsorg- en nywerheidskategorieë, wat gedeeltelik teengewerk is deur laer verdienste deur RCL Foods, asook Grindrod.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

R miljoen	**Jaar geëindig 30 Junie 2016**	*Verandering*	Jaar geëindig 30 Junie 2015
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	**1 618**	*5.7*	1 531
Bankwese	**2 989**	*5.1*	2 845
Gesondheidsorg	**1 566**	*(9.7)*	1 734
Versekering	**888**	*(9.9)*	986
Nywerheid	**517**	*35.7*	381
Infrastruktuur	**6**	*(98.5)*	392
Media en sport	**(36)**	*(125.0)*	(16)
Ander beleggings	**67**	*(20.2)*	84
Sentrale tesourie			
- finansieringsinkomste	**125**	*12.6*	111
- finansieringskoste	**(1 602)**	-	-
Ander netto korporatiewe koste	**(251)**	*(382.7)*	(52)
Wesensverdienste	**5 887**	*(26.4)*	7 996
Eenmalige koste	**788**	-	-
Opsie hermeting	**730**	-	-
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	**7 405**	*(7.4)*	7 996

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Voedsel, drank en huishoudelike sorg

Die bydrae van voedsel, drank en huishoudelike sorg tot Remgro se wesensverdienste het R1 618 miljoen (2015: R1 531 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 5.7% is. RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesenverdienste het met 12.8% tot R658 miljoen (2015: R755 miljoen) afgeneem. In die jaar onder oorsig is RCL Foods se resultate positief beïnvloed deur die vrystelling van R163 miljoen wat vir onsekere belastingdispute as deel van die Foodcorp-verkryging voorsien is, sowel as ‘n wins van R119 miljoen met die uitoefening van die Zam Chick en Zamhatch verkoopsopsies. Met uitsluiting van hierdie hermetings, sou RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 41.7% tot R440 miljoen afgeneem het. Hierdie afname is hoofsaaklik te wyte aan laer bydraes deur die suiker- en hoenderbesighede. Die hoenderbesigheid is negatief geraak deur ‘n massiewe ooraanbod in die plaaslike mark, veroorsaak deur plaaslike produksie en storting, terwyl die suikerbesigheid weens die ernstige droogte onder druk gebly het. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 39.3% tot R461 miljoen (2015: R331 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik vanweë omsetgroei en verbeterde marges. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R499 miljoen (2015: R445 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van omsetgroei en doeltreffendheidsverbeteringe regdeur die besigheid. Distell het sterk groei ervaar in alle produkkategorieë en is ook bevoordeel deur ‘n swakker rand teenoor die vernaamste geldeenhede waarin handel gedryf word.

Bankwese

Die wesensverdienstebydrae van die bankafdeling het R2 989 miljoen (2015: R2 845 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 5.1% is. FirstRand en RMBH het wesensverdienstegroei van onderskeidelik 5.9% en 4.5% gerapporteer. Op ‘n genormaliseerde basis was FirstRand en RMBH se verdienstegroei onderskeidelik 7.4% en 7.0%, hoofsaaklik as gevolg van groei in beide rente- en nie-rente-inkomste vanaf FNB, RMB en WesBank, gedeeltelik teengewerk deur ‘n toename in kredietwaardedalingskoste wat die verswakkende makro-ekonomiese omgewing weerspieël.

Gesondheidsorg
Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 566 miljoen (2015: R1 734 miljoen) bedra. Daar moet op gelet word dat Mediclinic se resultate vir die jaar onder oorsig eenmalige transaksiekoste insluit van R891 miljoen wat verband hou met die Al Noor-transaksie, terwyl die vergelykende tydperk ‘n voordelige Switserse vorige jaarbelastingaanpasssing van R712 miljoen ingesluit het. As hierdie eenmalige items buite rekening gelaat word, sou Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 36.1%, van R1 434 miljoen tot R1 952 miljoen, toegeneem het. Hierdie toename is hoofsaaklik te danke aan stewige vertonings deur al drie bedryfsplatforms, sowel as die positiewe effek van die swakker rand.

Versekering
RMI Holdings se bydrae tot wesensverdienste het met 9.9% tot R888 miljoen (2015: R986 miljoen) afgeneem. Dit was hoofsaaklik weens ‘n eenmalige wins in die vergelykende tydperk met die aflosssing van ‘n verkoopsopsie-verpligting by Discovery, wat by RMI Holdings se genormaliseerde verdienste uitgesluit is. Op ‘n genormaliseerde basis het RMI Holdings verdienstegroei van 5.9% gerapporteer, met Discovery en OUTsurance wat goed vertoon het met verdienstegroei van 6.6% en 42.7% onderskeidelik, gedeeltelik teengewerk deur laer verdienste van MMI Holdings (laer met 15.8%). OUTsurance se groei kan toegeskryf word aan die wesentlike verbetering in die Youi-groep se bydrae. Die vergelykende jaar se resultate is negatief beïnvloed deur verskeie weerverwante rampe in Australië. MMI Holdings se afname is hoofsaaklik te wyte aan laer onderskrywingswinste, sowel as laer bate-gebaseerde fooie.

Nywerheid
Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R291 miljoen (2015: R133 miljoen) bedra. Ingesluit by die bydrae tot wesensverdienste is ongunstige voorraadherwaardasies ten bedrae van R88 miljoen (2015: R286 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van onbestendigheid in die Brent-ruolieprys en die randwisselkoers. Uitgesluit dié herwaardasie, het die bydrae met 9.5%, van R419 miljoen tot R379 miljoen afgeneem, hoofsaaklik vanweë ‘n uitstekende bedryfsvertoning deur NATREF in die vergelykende tydperk, wat die raffinadery nie in die huidige verslagtydperk kon herhaal nie. Remgro se deel van KTH se resultate het ‘n verlies van R229 miljoen (2015: verlies van R108 miljoen) bedra. KTH se resultate is negatief beïnvloed deur ongunstige billike waarde aanpassings wat verband hou met sy beleggings in Exxaro Resources Beperk en MMI Holdings Beperk se voorkeuraandele. Air Products en Wispeco se bydrae tot wesensverdienste het onderskeidelik R275 miljoen en R144 miljoen bedra (2015: R222 miljoen en R104 miljoen), terwyl PGSI se bydra tot Remgro se wesensverdienste R36 miljoen (2015: R30 miljoen) bedra het.

Infrastruktuur
Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R45 miljoen (2015: ‘n wins van R135 miljoen) bedra. Dié verlies is hoofsaaklik te wyte aan swak kommoditeitsmarkte en wesentlike laer droëvrag-verskepingstariewe. In die jaar onder oorsig het die CIV-groep R64 miljoen (2015: R51 miljoen) tot wesensverdienste bygedra. SEACOM het ‘n wesensverlies van R113 miljoen (2015: wesensverdienste van R96 miljoen) vir die jaar onder oorsig gerapporteer. Remgro se deel van die verlies het R33 miljoen (2015: ‘n wins van R24 miljoen) bedra. Die afname is hoofsaaklik te wyte aan hoër waardeverminderingskoste op sekere kabelbates, wat verband hou met ‘n verandering in die verwagte bruikbare leeftyd daarvan. In die jaar onder oorsig het die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ‘n tweede en derde sluiting gehad wat tot gevolg gehad het dat Remgro ‘n inkomste-uitkering van R18 miljoen (2015: R170 miljoen ten opsigte van die eerste sluiting) ontvang het, hoofsaaklik vanweë buitelandse valutawinste gerealiseer in die PRIF-struktuur.

Media en sport
Media en sport bestaan uit die belange in eMedia en verskeie sportbelange, waaronder rugby-franchises, asook die Stellenbosch Academy of Sport. eMedia se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 59.4% tot R28 miljoen (2015: R69 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik te wyte aan volgehoue druk op advertensie-inkomste weens ‘n skerp daling in markaandeel gedurende die vorige finansiële jaar, wat tot ‘n aansienlike belegging in plaaslike programme gelei het om markaandeel te herwin, asook voortgesette belegging in die multikanaal-besigheid. Die sportbelange se bydrae tot wensverdienste het ‘n verlies van R64 miljoen (2015: verlies van R85 miljoen) bedra.

Ander beleggings
Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R67 miljoen (2015: R84 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R48 miljoen (2015: R47 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste
Finansieringsinkomste het R125 miljoen (2015: R111 miljoen) bedra. Die toename was hoofsaaklik die gevolg van hoër gemiddelde kontantbalanse en hoër rentekoerse as in die vergelykende tydperk. Finansieringskoste bestaan hoofsaaklik uit rente ten bedrae van R466 miljoen en eenmalige transaksiekoste van R402 miljoen, wat verband hou met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksie, asook ‘n billike waarde aanpassing van R730 miljoen ten opsigte van die styging in die waarde van die opsie van die omruilbare skuldbriewe. Ander netto korporatiewe koste het R251 miljoen (2015: R52 miljoen) bedra. Die jaar onder oorsig het transaksie- en finansieringskoste ten bedrae van R115 miljoen (2015: R38 miljoen) ingesluit met betrekking tot Remgro se verkryging van Spire Healthcare Group plc (Spire). Remgro het hierdie bedrag van Mediclinic verhaal as deel van die Spire-verkoopsom, wat ‘n wins met die verkoop van ‘n belegging van R153 miljoen buite wesensverdienste tot gevolg gehad het. Die vergelykende tydperk het ook ‘n netto ná-belaste fasiliterings- en onderskrywingsfooi van R99 miljoen ingesluit wat ingevolge die Spire-transaksie en gevolglike regte-uitgifte van Mediclinic ontvang is.

Verdienste
Verdienste het met 38.2% tot R5 386 miljoen (2015: R8 715 million) afgeneem. Die afname is hoofsaaklik te wyte aan die eenmalige transaksiekoste wat aangegaan is met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksie (R788 miljoen), die billike waarde aanpassing wat verband hou met die toename in waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe (R730 miljoen), die waardedaling van die belegging in Grindrod (R1 861 miljoen) en Remgro se gedeelte van die waardedalings van Grindrod se spoor- en skeepsafdelings (R577 miljoen), asook Remgro se gedeelte van ‘n waardedaling by RCL Foods se meulbesigheid (R439 miljoen). Die afname is gedeeltelik teengewerk deur ‘n wins van R2 262 miljoen wat met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic as deel van die Al Noor-transaksie gerealiseer is (2015: wins van R958 miljoen as gevolg van ‘n boekbou-oefening).

3. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 6.1% vanaf R288.89 op 30 Junie 2015 tot R306.44 op 30 Junie 2016 toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2016 was R254.66 (2015: R255.94) wat ‘n diskonto van 16.9% (2015: 11.4%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

4. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

Mediclinic International Beperk (Mediclinic)

Fasilitering van Mediclinic se verkryging van Spire
In Junie 2015 het Remgro ‘n ooreenkoms aangegaan met fondse wat deur Cinven bestuur word om 119 923 335 Spire-aandele (gelykstaande aan ‘n belang van 29.9% in Spire) te bekom teen ‘n prys van £3.60 per aandeel vir ‘n totale koopsom van £431.7 miljoen (transaksiekoste uitgesluit). Die transaksie is vroeg in Julie 2015 afgehandel en Remgro het dit deur ‘n kombinasie van eie kontant, asook eksterne finansiering, befonds.

Hiermee saam het Remgro en Mediclinic ‘n ooreenkoms aangegaan waarvolgens laasgenoemde Remgro se belang in Spire sou bekom onderhewig daaraan dat Mediclinic die nodige fondse vind om sodanige transaksie te voltrek. In Augustus 2015 het Mediclinic R10.0 miljard gewerf deur ‘n regte-uitgifte, ingevolge waarvan 111 111 111 nuwe Mediclinic-aandele teen ‘n prys van R90.00 per aandeel uitgereik is. Deur sy regte te volg en die balans van die regte-uitgifte te onderskryf, het Remgro op ‘n bykomende 51 342 886 Mediclinic-aandele ten bedrae van R4.6 miljard ingeskryf. Na die suksesvolle afhandeling van die regte-uitgifte het Mediclinic in Augustus 2015 Remgro se belang in Spire vir ‘n bedrag van R8.6 miljard, gelykstaande aan die aankoopprys, transaksie- en finansieringskoste, verkry. Remgro het dus net die verkryging van Spire deur Mediclinic gefasiliteer.

Ten einde aan bogenoemde regte-uitgifte deel te neem, het Remgro oorbruggingsfinansiering ten bedrae van R3.5 miljard bekom. Op 13 Januarie 2016 het Remgro, (deur sy volfiliaal, Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk (Remgro Healthcare)), die oorbruggingsfinansiering herfinansier deur die uitreiking van vastekoers-kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele. Hierdie voorkeuraandele het ‘n termyn van vier jaar, met ‘n vaste dividendkoers van 7.7%, halfjaarliks betaalbaar.

Na bogenoemde transaksies was Remgro se effektiewe belang in Mediclinic 42.5% (30 Junie 2015: 42.0%).

Samevoeging van Mediclinic en Al Noor Hospitals Group plc (Al Noor)

Op 14 Oktober 2015 het Mediclinic en Al Noor oor die voorwaardes vir die samevoeging van hul onderskeie besighede (die "Samevoeging") ooreengekom ingevolge waarvan Al Noor aangebied het om 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Mediclinic te verkry. Die transaksie is op 15 Februarie 2016 afgehandel en gegewe die relatiewe grootte van Mediclinic en Al Noor is die Samevoeging as 'n omgekeerde oorname van Al Noor geklassifiseer. Die gekombineerde groep staan as Mediclinic International plc (Mediclinic plc) bekend en het sy primêre notering op die hoofmark van die Londense Effektebeurs behou. Mediclinic plc het ook 'n inwaartse sekondêre notering op die hoofmark van die Johannesburgse Effektebeurs verkry en is tot die FTSE 100-indeks van die LSE toegelaat. Mediclinic-aandeelhouers het 0.625 Al Noor-aandele ontvang vir elke Mediclinic-aandeel gehou, gegrond op die 5 dae volume geweegde gemiddelde prys tot en met 1 Oktober 2015 van die Mediclinic-aandele op die JSE en die Al Noor-aandele op die LSE (wat onderskeidelik £5.20 en £8.32 was). As gevolg van die omgekeerde oorname, het Remgro 'n wins op die verwatering van sy belang in Mediclinic ten bedrae van R2 262 miljoen gerealiseer.

Bykomend tot die Al Noor-aandele wat Remgro ontvang het, en as 'n onderliggende komponent van die Samevoeging, het laasgenoemde ook in Februarie 2016 op 'n ekstra 72 115 384 aandele in Al Noor ingeskryf teen 'n inskrywingsprys van £8.32 per aandeel vir 'n totale bedrag van £600 miljoen (die "Remgro Inskrywing"). Ten einde die Remgro Inskrywing te befonds, het Remgro oorbruggingsfinansiering verkry waarvan £400 miljoen in die buiteland geleen is, terwyl £200 miljoen (of R4.3 miljard) in Suid-Afrika bekom is.

Op 16 Maart 2016 het Remgro (deur sy volfiliaal, Remgro Healthcare) die plaaslike oorbruggingsfinansiering deur die uitreiking van nuwe vastekoers-kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele ten bedrae van R4.4 miljard herfinansier. Die voorkeuraandele het 'n termyn van vyf jaar en 'n vaste dividendkoers van 8.3%, halfjaarliks betaalbaar.

Op 22 Maart 2016 het Remgro (deur sy volfiliaal, Remgro Jersey GBP Limited) £350.0 miljoen van die buitelandse oorbruggingsfinansiering herfinansier deur die uitreiking van omruilbare skuldbriewe, met 'n termyn van vyf jaar en 'n vaste koers van 2.625%, halfjaarliks betaalbaar. Die omruilbare skuldbriewe is omruilbaar in nagenoeg 30.9 miljoen Mediclinic plc gewone aandele en die omruilprys vir die skuldbriewe is £11.3086 per Mediclinic plc-aandeel, wat 'n premie van 30% verteenwoordig bo die geweegde gemiddelde prys op die LSE tussen die loodsing en prysvasstelling van die skuldbriefaanbod. By die omruiling of aflossing van die skuldbriewe sal Remgro die diskresionêre reg hê om 'n bedrag in kontant of aandele, of 'n kombinasie van kontant en aandele, te lewer. Die skuldbriewe is op 23 Maart 2016 ingesluit vir verhandeling in die ope-markafdeling (Freiverkehr) van Frankfurt se effektebeurs.

Op 30 Junie 2016 was Remgro se effektiewe belang in Mediclinic 44.6%.

Britehouse Holdings Eiendoms Beperk (Britehouse)

Gedurende September 2015 het Remgro sy belegging in Britehouse verkoop vir 'n totale koopsom van R159.6 miljoen. 'n Wins van R93.7 miljoen is met hierdie transaksie gerealiseer, wat van wesensverdienste uitgesluit is.

Milestone China-fondse

In die jaar onder oorsig het Remgro die oorblywende leningsverpligting van $6.9 miljoen aan Milestone Capital Strategic Holdings voorgeskiet. Remgro het ook 'n bykomende $6.7 miljoen in Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III) belê en daardeur sy kumulatiewe belegging in Milestone III tot $93.2 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2016 het die oorblywende verpligting ten opsigte van Milestone III $6.8 miljoen bedra.

Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)

In die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende R150.0 miljoen vir PRIF bewillig, wat die totale verpligting op R650.0 miljoen te staan gebring het. As gevolg van die bykomende verpligting, en PRIF se suksesvolle tweede en derde sluiting, het Remgro 'n verdere netto bedrag van R28.6 miljoen in PRIF belê en sodoende sy kumulatiewe belegging tot R211.9 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2016 het die oorblywende verpligting ten opsigte van PRIF R438.1 miljoen bedra.

Ander

Ander kleiner beleggings het R152 miljoen bedra.

Gebeure na jaareinde

Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin)
Op 27 Julie 2016 het Remgro (deur sy volfiliaal Invenfin) 'n belang van 30%, ten bedrae van R80.0 miljoen, in Dynamic Commodities Eiendoms Beperk (Dynamic Commodities) verkry. Dynamic Commodities is 'n uitvoergefokusde maatskappy wat bevrore nageregte, versnapperings en waardetoegevoegde "vars bevrore" vrugte van hoë gehalte vervaardig. Gedurende Augustus 2016 het Invenfin ook 'n belang van 30% in Joya Brands Eiendoms Beperk, 'n lekkergoed vervaardiger, vir R50.2 miljoen verkry.

Buiten bogenoemde transaksies was daar geen ander wesentlike transaksies sedert 30 Junie 2016 nie.

5. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2015 is 2 169 558 Remgro gewone aandele (0.5%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 444 165 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers, wat die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 30 Junie 2016 is 1 725 393 Remgro gewone aandele (0.4%) as tesourie-aandele gehou.

6. KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2016 was soos volg:

	30 Junie 2016			30 Junie 2015
R miljoen	**Plaaslik**	**Buiteland**	**Totaal**	
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**2 001**	**1 568**	**3 569**	4 050
Belegging in geldmarkfondse	**500**	**550**	**1 050**	986
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(795)**	**(46)**	**(841)**	(1 017)
Kontant by die kern	**1 706**	**2 072**	**3 778**	4 019

Op 30 Junie 2016 was ongeveer 28% (R1 050 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê.

DIREKSIE

Mnr Neville Williams is as hoof finansiële beampte op 1 April 2016 aangestel in die plek van Mnr Leon Crouse wat op 31 Maart 2016 afgetree het.

VERSLAE VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding van 'n verkorte weergawe van die gekonsolideerde finansiële state.

Die finansiële jaarstate is deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. geoudit en hul ongemodifiseerde verslag op die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar vir inspeksie by die geregistreerde kantoor van die maatskappy. Die ouditverslag van toepassing op die verkorte finansiële jaarstate is aangeheg.

Die ouditmening is nie noodwendig van toepassing op al die inligting ingesluit in hierdie aankondiging/finansiële resultate nie. Aandeelhouers word dus geadviseer om die ouditverslag en meegaande finansiële inligting te bekom by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ten einde 'n behoorlike begrip van die aard van die ouditeur se prosedures te verkry.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Kontantdividend Nr. 32
Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 275 sent (2015: 259 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2016.

Dividend-terughoubelasting van 15% of 41.25 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 233.75 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir ‘n verlaagde koers ingevolge ‘n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die totale bruto dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 bedra dus 460 sent teenoor 428 sent vir die vergelykende jaar geëindig 30 Junie 2015.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 481 106 370 gewone aandele en 35 506 352 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Dinsdag, 15 November 2016
Aandele verhandel ex dividend	Woensdag, 16 November 2016
Rekorddatum	Vrydag, 18 November 2016
Betaaldatum	Maandag, 21 November 2016

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 16 November 2016, en Vrydag, 18 November 2016, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die Oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as “onopgeëis” gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die Oordragsekretaris voorsien het.

Die geïntegreerde jaarverslag sal gedurende Oktober 2016 aan lede gepos word en sal dan ook op Remgro se webwerf by www.remgro.com beskikbaar wees.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
20 September 2016

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure

Johann Rupert *(Voorsitter)*, E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*,
J Malherbe *(Ondervoorsitter)*, S E N De Bruyn Sebotsa*, G T Ferreira*
P K Harris*, N P Mageza*, P J Moleketi*, M Morobe*,
F Robertson*, H Wessels*
(**Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure

J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
W E Bührmann, N J Williams

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris

M Lubbe

Notering

JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor

Millenniapark, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris

Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Marshallstraat 70,
Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg

Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf

www.remgro.com

REMGRO BEPERK

BYLAAG A

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2016**	2015
Voedsel, drank en huishoudelike sorg		
Unilever	**461**	331
Distell[1]	**499**	445
RCL Foods	**658**	755
Bankwese		
RMBH	**2 112**	2 005
FirstRand	**877**	840
Gesondheidsorg		
Mediclinic	**1 566**	1 734
Versekering		
RMI Holdings	**888**	986
Nywerheid		
Air Products	**275**	222
KTH	**(229)**	(108)
Total	**291**	133
PGSI	**36**	30
Wispeco	**144**	104
Infrastruktuur		
Grindrod	**(45)**	135
CIV groep	**64**	51
SEACOM	**(33)**	24
Ander infrastruktuurbelange	**20**	182
Media en sport		
eMedia	**28**	69
Ander media- en sportbelange	**(64)**	(85)
Ander beleggings	**67**	84
Sentrale tesourie		
Finansieringsinkomste	**125**	111
Finansieringskoste[2]	**(1 602)**	-
Ander netto korporatiewe koste	**(251)**	(52)
Wesensverdienste	**5 887**	7 996
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**514.6**	514.2
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**1 143.9**	1 555.0

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Finansieringskoste sluit die eenmalige koste (R402 miljoen) en die opsie hermeting (R730 miljoen) in.

REMGRO BEPERK

BYLAAG B

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

	30 Junie 2016		30 Junie 2015	
R miljoen	**Boekwaarde**	**Intrinsieke waarde**	Boekwaarde	Intrinsieke waarde
Voedsel, drank en huishoudelike sorg				
Unilever	**3 589**	**10 650**	3 384	8 688
Distell[1]	**3 500**	**10 723**	3 157	11 098
RCL Foods	**7 294**	**9 278**	7 346	11 514
Bankwese				
RMBH	**13 132**	**22 356**	12 267	26 409
FirstRand	**4 652**	**9 857**	4 300	11 720
Gesondheidsorg				
Mediclinic	**33 629**	**69 691**	13 227	36 727
Versekering				
RMI Holdings	**7 157**	**18 526**	6 717	19 096
Nywerheid				
Air Products	**933**	**4 241**	882	4 164
KTH	**1 631**	**2 723**	1 876	2 696
Total	**1 575**	**1 879**	1 428	1 785
PGSI	**734**	**734**	672	672
Wispeco	**702**	**1 055**	603	920
Infrastruktuur				
Grindrod	**1 986**	**1 986**	4 016	2 329
CIV groep	**1 871**	**3 166**	1 795	2 797
SEACOM	**655**	**1 043**	566	1 001
Ander infrastruktuurbelange	**540**	**540**	480	480
Media en sport				
eMedia	**1 116**	**1 342**	1 126	2 094
Ander media- en sportbelange	**328**	**328**	374	382
Ander beleggings	**3 737**	**3 717**	3 047	3 266
Sentrale tesourie				
Kontant by die kern[2]	**3 778**	**3 778**	4 019	4 019
Skuld by die kern	**(16 452)**	**(16 452)**	-	-
Ander netto korporatiewe bates	**2 779**	**3 149**	1 832	2 224
Netto batewaarde (NBW)	**78 866**	**164 310**	73 114	154 081
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[3]		**(6 526)**		(5 466)
NBW na belasting	**78 866**	**157 784**	73 114	148 615
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**514.9**	**514.9**	514.4	514.4
NBW na belasting per aandeel (Rand)	**153.17**	**306.44**	142.12	288.89
Remgro aandeelprys (Rand)		**254.66**		255.14
Persentasie diskonto tot NBW		**16.9**		11.4

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods en Wispeco).
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Die toename in die potensiële KWB-aanspreeklikheid is hoofsaaklik die gevolg van die verhoogde KWB-insluitingskoers. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar vir verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
4. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.
5. Intrinsieke netto batewaardes is ongeouditeer.

REMGRO BEPERK

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR OP DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk, soos uiteengesit op bladsye 1 tot 10 en 19 van die geouditeerde gekonsolideerde resultate, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 30 Junie 2016, die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat en die verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en verwante aantekeninge, is afgelei vanaf die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2016. Ons het 'n ongemodifiseerde ouditmening uitgespreek oor die gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 20 September 2016. Ons ouditverslag oor die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state het 'n "Ander Aangeleentheid"-paragraaf: "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" bevat (verwys hieronder).

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state bevat nie al die openbaarmaking soos vereis deur Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, soos toepaslik, op finansiële jaarstate nie. Die lees van die verkorte gekonsolideerde finansiële state is gevolglik nie 'n plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk nie.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die verkorte gekonsolideerde finansiële state
Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding van 'n verkorte weergawe van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk (JSE) vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van verkorte gekonsolideerde finansiële state, wat vry is van wesentlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

Ouditeur se verantwoordelikheid
Dit is ons verantwoordelikheid om 'n mening oor hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële state uit te spreek gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig *'International Standard on Auditing (ISA) 810, Engagements to Report on Summary Financial Statements',* uitgevoer was.

Mening
Na ons mening is die verkorte gekonsolideerde finansiële state wat afgelei is vanaf die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2016, in alle wesentlike opsigte, konsekwent met die gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig met die vereistes van die JSE vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state.

Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word
Die "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word"-paragraaf in ons ouditverslag gedateer 20 September 2016 dui aan dat ons as deel van ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 die Direkteursverslag, die Verslag van die Oudit-en-Risikokomitee en die Sertifikaat van die Maatskappysekretaris gelees het ten einde wesentlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state te identifiseer. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die onderskeie opstellers daarvan. Die paragraaf dui ook aan dat ons nie wesentlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state gebaseer op die lees van hierdie verslae geïdentifiseer het nie. Die paragraaf dui verder aan dat ons nie hierdie verslae geoudit het nie en dienooreenkomstig nie 'n mening oor hierdie verslae uitspreek nie. Die paragraaf het geen uitwerking op die verkorte gekonsolideerde finansiële state of ons mening daaroor nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: N H Döman
Geregistreerde Ouditeur

Stellenbosch
20 September 2016